

# Fees van Onse Liewe Vrou, Die Hulp van Christene – 24 Mei

Die oudste gebed om die voorspraak van Maria, wat uit die derde eeu dateer begin so: *"Tot u beskerming vlug ons, heilige Moeder van God..."* Vanaf die vroegste tye het Christene die bystand van Maria ingeroep, veral in tye van nood en beproewing. St. Johannes Chrysostomus gebruik dié titel in 'n homilie uit die jaar 345 en ná die Christelike oorwinning by die seeslag van Lepanto in 1571 is die frase *"Auxilium Christianorum"* (die Hulp van Christene) by die Litanie van Loreto gevoeg. Pous Pius VII het hierdie fees in 1814 ingestel as 'n dankfees nadat hy bevry is uit die gevangenskap wat Napoleon op hom gelê het. Die heilige Don Bosco het dié titel van Maria versprei en in 1868 die basiliek van Maria, die Hulp van Christene in Turyn laat oprig en die vroue kongregasie wat hy gestig het aan Maria, die Hulp van Christene gewy.

© Die Oratorium Uitgewery